KAMIESBERG
MUNICIPALITY
"gems galore from mountains to shore"

KENNISGEWING: SRV29/03/2022-4.2.3.1

KONSEP GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN (GOP) EN KONSEP

BEGROTING VIR DIE 2022/2023 FINANSIËLE JAAR

Kennis geskied hiermee ingevolge Artikel 25(4)(a) van die Wet op Munisipale Stelsels (Wet 32 van 2000) dat die Konsep Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) en -Begroting ingevolge die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003) vir die tydperk 1 Julie 2022 – 30 Junie 2023 op 29 Maart 2022 deur die Raad oorweeg is. Alle dokumente is beskikbaar op ons webblad www.kamiesberg.gov.za en kan u dit aanvra by Mnr John Ellis (GOP) EN Me Rose Cloete (BEGROTING). Kopieë van gemelde Konsep Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) en -Begroting lê ter insae gedurende kantoor ure vanaf Maandae tot Vrydae en is beskikbaar by die volgende:

- Munisipale Kantore te Garies

Ingevolge Artikel 21(4) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000) word kennis gegee dat persone wat nie kan skryf nie die persoon of persone soos in die advertensie gemeld by die Munisipale kantore te Garies nader vir hulp om u kommentaar op skrif te stel.

Kommentaar of navrae indien enige met betrekking tot die Konsep Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) en Konsep Begroting vir die tydperk 1 Julie 2022 tot 30 Junie 2023 moet skriftelik en volledig gemotiveer en skriftelik ingedien word teen 29 April 2022

Waarnemende Munisipale Bestuurder

Mnr. G. von Mollendorf